# Koning Salomo se versoek

## 1 Konings 3:2-15

Lees hierdie week se gedeelte uit die Bybel om die vrae hieronder te beantwoord. Vra vir iemand om jou daarmee te help as jy miskien sukkel. Wanneer jy dit lees, let op wat Salomo vra en wat God toe vir hom gee.



1. Hoekom het die mense nog op die "hoogstes geoffer"?

2. Hoe het Salomo sy liefde vir God gewys?



3. Wie was Salomo se pa? ______________________
4. Waarheen het Salomo gegaan om 'n offer te bring? _________________
5. Wat vra die Here vir Salomo in sy doom?


6. Wat is die versoek wat Salomo aan God rig? (vers 9)

7. Hoekom sê God dat Hy aan Salomo se versoek sal voldoen? (vers 11)

8. Wat gee God dan aan Salomo? (vers 12-14)

9. Wat het Salomo gedoen toe hy wakker word?

Toe Salomo koning geword het, het hy geweet dat hy God se hulp nodig het om 'n goeie koning vir Sy volk te wees. Daarom het hy gevra vir wysheid toe God aan hom verskyn in sy droom. Hy het nie eers gevra vir baie geld of mag nie. Wat ons hieruit kan leer is dat ons ook vir God moet vra vir hulp en wysheid. Dit sal vir ons moeilik wees om dinge in die lewe alleen en sonder God aan te pak. Daarom moet en kan ons altyd vir God vra vir hulp, insig en wysheid in die dinge wat ons moet doen in ons lewe. God sal jou altyd help en wysheid gee, selfs in oorvloed.



(Inkleurprentjie uit: *Die groot Bybel vir klein hartjies: Ou Testament inkleur-en-aktiwiteitsboek* )

Voltooi nou die volgende aktiwiteit:

# Wat is wysheid?

Trek 'n lyntjie van die geldkis af na elke geldstuk met wysheid op. Kleur dit dan in.

Ek doen iets gaafs vir ons bure.

Ek maak tyd vir God.

Ek is altyd eerste besorg oor myself.

Ek is eerlik en praat die waarheid.

Ek deel met ander.


Ek sorg altyd dat ek wen, en nie iemand anders nie.

Ek word kwaad as ek nie my sin kry nie.

Ander mense is vir my belangrik.

Ek is graag gehoorsaam aan my ouers.

**Om wysheid te hê, is om 'n groot skat te hê.**



(Aktiwiteit uit: *Die groot Bybel vir klein hartjies: Ou Testament inkleur-en-aktiwiteitsboek* )